Bonitas se drie opsies bied goeie waarde vir geld, wys ontleding

Letitia Watson, Kaapstad

Die mediese fonds Bonitas se opsies bied volgens navorsing deur Alexander Forbes goeie waarde vir verbruikers se geld.

Mnr. Bernie Clark, hoof van Alexander Forbes Health se binnelandse afdeling, sê drie van Bonitas se vyf opsies, waarvan hulle 'n aktuariële ontleding gedoen het, het beter waarde vir geld gebied as die gemiddelde opsies wat in die mediesefondsbedryf beskikbaar is.

Die maatskappy het die waarde van die opsies ontleed in terme van hoe die lidbydraes vergelyk met die persentasie van eise wat uitbetaal word. Ander fondse wat *volgens Clark goeie waarde bied,* is Discovery, Sizwe en Medshield.

"Onthou dat dit suiwer 'n waarde-vir-geld-ontleding is. As 'n verbruiker 'n mediese fonds oorweeg, moet faktore soos die fonds se finansiële stabiliteit, gehalte van diens en goeie administrasie ook in ag geneem word," sê Clark.

Mnr. Gerhard van Emmenis, Bonitas se uitvoerende hoof, sê Bonitas gaan soos ander fondse in die bedryf gebuk onder die las van eisvolumes wat heelwat hoër as lidbydraes is. Die fonds probeer deur middel van voorkomende sorg koste bespaar.

"Ons moedig lede aan om 'n dokter liewers dadelik te spreek *as om te wag totdat hulle ernstig* siek word. Dit duur omtrent twee jaar voordat dié strategie 'n invloed op die individuele lid het, maar oorkoepelend help dit die fonds om koste te bestuur en voordele te beskerm."

Volgens Clark is die navorsing op 2009 se voordelepakkette gedoen.

Bonitas het 'n gemiddelde verhoging van lidbydraes van 15,9% vir volgende jaar aangekondig.

Dit is hoër as ander groot fondse soos Discovery, BESTmed en Medihelp s'n wat onderskeidelik gemiddeld met 9,8%, 12,82% en 13,62% gaan styg.